

# UIT DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

In vandag se moderne tyd speel die preprimêre skool 'n baie belangrike rol in die opvoeding van ons kinders. Aangesien so baie ouers in vandag se lewe albei moet werk, is die kleuterskool die meeste kleingoed se primêre versorger. Die vraag wat ons baie kry is:

## **Hoekom is dit nodig dat my kind kleuterskool toe gaan?**

Vandag se graad 1 plaas baie druk op die klein kind. Die kleuterskool dien as voorbereiding vir hierdie moeilike jaar. In Kontiki probeer ons weer die druk wat op die graad R-leerders geplaas word steeds verder opbreek deur dit op te deel sodat die kleingoed alreeds by die Seeperdjeklas begin om die werk trappie vir trappie onder die knie te kry. Dit is dus beter vir die kleuters om reeds vanaf 4jarige ouderdom by ons voorbereidingsprogram in te val.

Dit is wel so dat ouers, met die nodige riglyne, die kleuters by die huis kan help. Tog is daar twee baie belangrike ontwikkelingsareas wat agterweë bly by tuisonderrig.

## **Emosionele ontwikkeling**

Op 4jarige ouderdom is die kleuters nog baie selfgesentreerd en egosentries. Die hoofdoel gedurende hierdie jaar (Seeperdjies) is om die kleingoed meer bewus te maak van hulle maatjies en om hulle te leer om ander se behoeftes in ag te neem. Ons poog ook om hulle selfstandig te maak, aangesien selfstandige optrede lei tot 'n positiewe selfbeeld en hulle dan sodanig die selfvertroue gee om te ontdek en verken!

Die 5jarige outjie word steeds meer tot onafhanklikheid gelei deurdat hy/sy geleer word om sy/haar eie probleme op te los (om nie met stories by juffrou te kom nie, maar om eerder self en op 'n positiewe manier met die maatjies te kommunikeer as hy/sy nie tevrede is met die wyse waarop hulle optree nie).

## **Sosiale ontwikkeling**

Spel ontwikkel in verskillende fases. Die egosentriese 4jarige verkies om by homself te speel, of speel eerder langs 'n maatjie as met haar. Wanneer die fokus begin skuif na ander (weg van die eie ek af) begin die kleingoed met mekaar speel. Veral op 5jarige ouderdom vind belangrike ontwikkeling op sosiale vlak plaas. Op hierdie ouderdom is dit duidelik waarneembaar watter kleuters lei en watter volg. Kleuters het dikwels leiding nodig om hierdie leierseienskappe positief oor te dra, sonder om baasspelerig te wees.

Vir gesonde emosionele en sosiale ontwikkeling het die kleutertjie maatjies om hom nodig - iets wat nie altyd met tuisonderrig moontlik is nie.

## **Grootmotoriese ontwikkeling**

Op 4jarige ouderdomsvlak is die primêre ontwikkelingsarea die grootmotoriek. Dit sluit in al die liggaam se groot spiere. Dit is dus baie belangrik dat die kleingoes moet buite speel. Hardloop, kruip, klim en klouter, swaai en gly is alles voorvaardighede vir skryf en leerwerk(middellynkruising, ruimtelike oriëntering en dieptewaarneming). Hierdie ontwikkeling vorm ook die basis vir al die ander ontwikkelingsfases. As 'n kind sukkel om te beweeg gaan dit verkenning en ontdekking belemmer.

Uit die grootmotories volg die fynmotories. Dit behels al die kleinspiertjies in die vingers, polse en tone. As die kleuter se grootmotoriek egter nie voldoende ontwikkel het nie, sal dit heel waarskynlik lei tot fynmotoriese probleme.

### **Fynmotoriese ontwikkeling**

Die fynmotoriese spiertjies is baie belangrik. Dit beïnvloed die kleuter se hantering van 'n verfkwas, sy potloodgreep en hoe hy/sy knip.

Die 4jarige word bekendgestel aan hierdie toerusting en vrye ontdekking en eksperimentering word aangemoedig. Die korrekte grepe word ook geleer.

Op 5jarige ouderdom word die grootmotoriese vaardighede verfyn en die fynmotoriese vaardighede kry baie aandag, sodat die kleingoes in graad R gemaklik voel met skryf- en knipwerkies.

### **Taalvaardighede**

Kleuters moet gelei word in die korrekte gebruik van woorde en sinne, blootstelling kry aan nuwe woorde en die korrekte uitspraak van klanke. Kleuters hou van gesels en vra baie vragies. Dit is die natuur se manier om hulle woordeskat uit te brei.

### **Konsentrasie, luistervaardighede en geheue**

Konsentrasie is baie belangrik in graad 1, maar dit is 'n vaardigheid wat geoefen moet word. Ons verwag van die 4jariges om vir 15 min deurlopend te kan konsentreer, die 5jarige vir 20 min en die gr R-leerder moet vir ten minste 30 min ononderbroke konsentrasie kan toon. Jou kind se konsentrasie verbeter as hy legkaarte bou, na stories luister of sorteerwerk doen.

Geheue speel ook 'n groot rol en kan geoefen word deur vrae te vra nadat 'n storie geles is of liedjies en rympies aan te leer.

Kinders moet ook opdragte kan uitvoer en daarom moet hulle kan luister met begrip.

### **Kognitiewe vaardighede**

Hierdie is die kind se dinkwerkies. Ons begin reeds hiermee op 'n jong ouderdom, maar die manier waarop ons dit aanpak verskil. Omdat die 4jarige nog baie op hom/haarself ingestel is, fokus ons op sy/haar lyfie. Op 5jarige vlak fokus ons op die konkrete, maar begin ook raak aan werkies op papier (werkvelle).

### **Ruimtelike oriëntering**

Dit is die vermoë van die kind om voorwerpe in die ruimte te plaas. Dit sluit in begrippe soos bo/onder/agter/binne-in/ens. Dit vervat ook rigting en lateraliteit (links/regs).

Op 4jarige vlak fokus ons op die kleinding se eie lyfie. Sy moet dus voorwerpe beskryf in terme van haarself, bv. voor (haar lyfie), agter (haar lyfie), ens. Die 5jarige werk op 'n 3dimensionele vlak, bv. met 'n blokkie en 'n garetolletjie: plaas die tolletjie bo-op die blokkie, ens.

In graad R werk ons op 'n 2dimensionele vlak (op papier).

#### Wiskundige vaardighede

Bewus van syfers en dat dit van letters verskil. Telliedjies, eenvoudige somme en wiskundige begrippe (volume, rangorde, ens) val ook hieronder.

#### Probleemoplossing

Hiervoor leer jou kind kreatiewe denke (deur skeppende werk te doen soos teken en fantasespel) en kritiese denke (om foute raak te sien en dan planne te maak om hulle reg te stel).

#### Navorsingsvaardighede

Jou kleuter leer hoe om van die wêreld en omgewing uit te vind en tegnologie te gebruik om inligting te bekom.

#### Perseptuele vaardighede

Jou kind leer ontdek en verken deur sy oë(visuele persepsie) en ore(ouditiewe persepsie) te gebruik.

### **Hoe weet ek my kind is skoolgereed?**

Al die vaardighede wat hierbo genoem is word in ag geneem by die evaluering van die graad R-kleuter. Ouers moet egter onthou dat die rede waarom 'n kleuter uitvalle toon op sekere areas soms 'n fisiologiese of 'n emosionele oorsaak kan hê. Om seker te maak doen ons wel skoolgereedheidstoetse by die skool wat 7 van hierdie leerareas(vaardighede) toets. Die areas wat getoets word is: visuele persepsie, ruimtelike vermoëns, getal, taal, menstekeninge, ouditiewe vaardighede, fyn motoriek en grootmotoriek.

### **Pret-oefeninge om fynmotoriese vaardighede te bevorder**

Hoe meer jou kind sy vingers gebruik, hoe vinniger sal sy fynmotoriek verbeter.

Probeer gerus hierdie oefeninge (uit Baba & Kleuter Mei 2007):

#### **Snip-snipper-snip**

- Maak papierpoppe. Help hom op die pop op karton te plak en uit te knip. Teken basiese klerepatrone en laat hom dit uitknip uit verskillende teksture. Vir die kleintjies: knip verskillende tipes basisse (karton, koerant, lap, foelie, ens).
- Maak 'n plakboek en laat kleinding prentjies uitknip.
- Maak julle eie storieboek.

#### **Vingergimnastiek**

- Laat jou kind sy hand plat op 'n tafel neersit en kyk hoe vinnig hy sy vingers een vir een kan oplig.

- Laat hom probeer om 'n hele blad koerantpapier in een hand op te frommel.
- Laat hom 'n vel papier tussen sy hande vashou. Kyk hoeveel keer kan hy sy hande klap sonder dat die papier uitval.

### **Skeppende vingerwerk**

- Laat haar tollebrei.
- Skroewe los- en vasdraai.
- Ryg macaroni aan 'n wolletjie.

### **Papierpret**

- Skeur stukkies koerantpapier in stroke en frommel dit op in balletjies. Kyk wie kan die meeste daarvan oor 'n afstand tot in die snippermandjie gooi.
- Beoefen papiervoukuns! Maak bootjies, hoedjies, waaiers en papiervliegtuie.
- Skeur en rol stukkies kreukelpapier of snesiepapier in klein balletjies en plak dit om prentjies te maak.

### **Lekker speletjies**

- Speel pick-up-sticks of Jenga.
- Bou legkaarte.
- Speel met klein boublokkies, soos lego.

### **Raakvatspeletjies**

- Probeer items van verskillende groottes met 'n haartangetjie optel.
- Strooi muntstukke oral in jou huis en stuur jou kind op 'n skattejag om dit op te tel.

### **Het jy geweet?**

Die korrekte skerposisie is met die duim en middelvinger in die gaatjies van die skerhandvatsel en die wysvinger aan die buitekant van die handvatsel om dit te stabiliseer, met die oorblywende twee vingers in die palm gekrul.

### **Rooiligte vir fynmotoriese probleme:**

- Jou kind sukkel om haar potlood te beheer en het 'n swak potloodgreep vir haar ouderdom.
- Hy sukkel om fyn goedjies raak te vat.
- Sy sukkel om te knip of knip slordig en stadig.
- Hy verkies buite-aktiwiteite en vermy handwerk-aktiwiteite.
- Haar spiere is uitermatig gespanne as sy besig is met fynmotoriese takies.

### **Het jy geweet?**

Fyn motoriese vaardighede ontwikkel die beste wanneer kinders op 'n byna vertikale oppervlak werk met die gewrig na buite gebuig. Gebruik esels, vensters, spieëls en vertikale skryfborde vir kunsaktiwiteite.

Kom gesels enige tyd met my of met die klasonderwyseres as u meer inligting verlang rondom die ontwikkelingsfases van jou kleuter.